
# Tjokkie WEEKBLAD

1 September 2023 Uitgawe: 7/3/2023

## UIT DIE KANTOOR



Daar is vandag sommer huppel in my stap, dis lente. Soos die bekende liedjie van Nagskof produksies sê: "*Want dis lente, dis wraggies al die eerste van September, nog net 'n rukkie dan is ons by Desember*." Ek kan werklikwaar nie glo die tyd het so gevlieg nie.

Baie dankie aan die leerders en ouers van die leerderraad wat die terrein so pragtig kom verfraai het om ons in die gees van lente te kry. Gewoonlik reën dit op hierdie dag, maar vanjaar kan ons lekker die lenteweer geniet.

Die toetsweek is verby en die kinders is kliphard besig om finaal voor te berei vir die konsert. Die kaartjies vir die konsert het so gevlieg dat daar heelwat ouers is wat nog nie kaartjies kon bekom nie. Daarom is daar besluit om nog 'n vertoning te hou. Hierdie vertoning sal nou op Maandag, 18 September 2023 om 18:00 plaasvind. Hou asseblief u fone dop vir wanneer die kaartjieverkope weer open. Vooruit wil ek elke ouer bedank wat sy/haar hulp aangebied het met die voorbereiding van die konsert. Die laaste konsert wat Tjokkies aangebied het, het in 2018 plaasgevind en dus sien almal verskriklik uit daarna.

Die hokkieseisoen staan einde se kant toe. Volgende week vind die finale ligawedstryde teen Pres. Brand Primêre Skool plaas. Die program sal weldra aan u beskikbaar gestel word.

Baie geluk aan die Pom-poms en Ritmegroep wat gister by die Rivista kompetisie opgetree het en weereens ons kultuur se naam hoog gehou het. Beide hierdie groepe het 'n A++ ontvang. Ons is baie trots op julle.

Saterdag neem die Pom-poms en albei ons kore by verskeie lentefeeste regoor die stad deel. Baie sterkte en geniet jul gate uit.

## ANDER

Dis met groot opgewondenheid dat ons kan bekend maak dat Mnr. Hendrik Botha (Hennie) deur die Departement aangestel is as die nuwe adjunkhoof van Tjokkies. Mnr. Botha is tans die waarnemende adjunkhoof van Fichardtpark Primêre Skool en sal binnekort by Tjokkies aansluit om sy werksaamhede hier te begin. Ons vertrou dat hy sommer vinnig sal inskakel en sal deel word van die Tjokkie-familie.




Mnr. Hennie Botha

My opregte dank teenoor Juf. Karen Marais wat sedert Januarie 2023 in hierdie pos waargeneem het.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 1 Sept.: | Lentedagvieringe |
| | Netbal "*fast 5*" toernooi (FP) (o/12 en o/13) |
| | Fichies 7's rugbytoernooi (o/11 en o/13) |
| | Gr. 7 Dansopleiding |
| 2 Sept.: | Gr.1 – 2024 Verwelkomingsdag |
| | Mangaung Krieket |
| | Pom-pom en kooroptredes |
| 4 Sept.: | Odeion Musiek Quartet optrede (SPF) |
| | Tennisliga vs St Michael's |
| | Hokkieliga vs Willem Postma (o/13 inhaal wedstryd) |
| 6 Sept.: | Tennisliga Grey 4 vs Tjokkies 3, Tjokkies 2 vs Trompsburg |
| | Hokkieliga vs PBS (dogters) |
| | OMS Publick speaking (enkele leerders) |
| 7 Sept.: | Hokkieliga vs PBS (seuns) |
| 8-9 Sept.: | Koortoer na Bethlehem |
| 8 Sept.: | Gr. 7 Kolwyntjieverkope |

## VERJAARSDAE





Juf. Jana Stoltz (GSF Koor)

## LANDLOOP

Die volgende leerders is gekies vir die Vrystaat Landloopspan:

Wilhelm du Plessis, Mianique van Straten en Leah Steyn.

Baie geluk!

## TENNIS

**Tennistoer na Cradock**

Baie geluk aan die eerste seunspan wat verlede week by die Laerskool Cradock Spar tennistoernooi 3de geëindig het. Skole soos Stirling, Selborne, Paarl Primêre Seunskool en Outeniqua het aan hierdie toernooi deelgeneem.

## KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

Bestel 'n ete vir die gesin met die konsertaande. Hou KARRI dop vir die uitnodiging wat eersdaags open. Bestel betyds en let op die sluitingsdatum van 13 September sodat julle nie uitmis nie:

**R38 * Hawaiin Hoenderbakkie** (500ml bakkie)
Sagte hoenderborsie blokkies gebraai in witwyn soet chilli marinade met pynappel tot goudbruin en bedien op kruierys met skeutjie volvet yogurt en mayo.

**R30 * Kerrie en Rys** (500ml bakkie)
Biefmaalvleis met spek eers gebraai en dan stadig gekook in ryk kerriesous (nie warm nie) bedien op bed van geelrys en rosyne, met chutney, klapper en piesang.

**R38 * Bief Lasagne** (500ml bakkie)
Tradisionele ryk lasagne met geurige wynsous en roomwitsous stadig gebak tot goudbruin.

# MNR. GUNTER GEE TERUGVOER

**Vraag**

**Hoekom word die konsert by die skool gehou en nie by ander venues wat meer sitplekke beskikbaar het nie?**

*Ouers moet asb. in gedagte hou dat bitter min van hierdie kinders en ouers nog 'n laerskoolkonsert beleef het nie. Die laaste konsert was in 2018 toe die huidige Gr. 7-leerders in Gr.1 was. Die res van die grade (met uitsondering van 'n paar kinders) het slegs die kleuterskool se konsert (wat 'n baie kleiner formaat is) ervaar.*

*Ons hou dit juis by die skool as gevolg van die volgende reëlings:*

- *Daaglikse oefening in die saal op die verhoog om die kinders vertroud te maak met die verhoog en die platforms, bv. waar om te staan, wanneer om op en af te beweeg asook die gebruik van die gordyne.*
- *Uitgawes is ook reeds aangegaan om die verhoog te vergroot sodat daar genoeg spasie op die verhoog vir almal kan wees.*
- *Indien ons daagliks op ander plekke moet oefen, is die vervoer van die leerders 'n groot uitdaging en sal baie akademiese tyd verlore gaan.*
- *Die reël van busse om leerders aan te ry gaan 'n geweldige finansiële uitgawe beloop.*
- *Logistieke probleme. By die skool kan die kinders hul eie kleedkamers en klaskamers gebruik vir toesig, grimering, voorbereiding, ens.*
- *Veiligheid – voldoende veiligheid is reeds in plek by die skool. Addisionele wagte is ook reeds gereël vir die aande wanneer daar opgetree word.*

*Ons besef dat ander venues dalk groter is, maar 'n kind ken sy omgewing en sal beter presteer as hy op sy tuisveld deelneem.*


Quality work is our
biggest priority.
Q.A.R Workshop
Quality Automotive Repair
We work on all makes & vehicles.
Our services include:
Normal Services
Major Services
Brakes & Clutches
Engine Overhauls
Auto Electric Repair
Sound System Installation
Vehicle Diagnostics
And much more...
Don't hesitate to contact us for a free quotation on 082 411 7745


BLOEMFONTEIN
MOTORS
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein | www.bloemfonteinmotors.co.za | 082 446 2174


Wheel Alignment
and Wheel Balancing
for only
R100
Available on Monday, Wednesday and Friday
Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre
Visit us at 89 Oliver Tambo Rd, Oranjesig Bloemfontein
Call us: 051 816 0300 | bloemfonteinservice@autopedigree.co.za
T's and C's apply
AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE
RMI
miwa


Ontdek 'n hele
Nuwe Wêreld
van Wiskunde
Gewilde boeke sluit in:
Ons Getallestelsel
Waardes
Heelgetalle
Afronding
Veelvoude
Breuke
Verhoudings
Persentasie
Eksponente
Konstruksie
Veelhoeke
Omtrek
Prismas
Inleiding tot Algebra
Funksies
Patrone
Datahantering
Transformasie
From R69/book
www.unicmaths.co.za
geskryf en saamgestel deur Nicolaas Slabbert
Persentasie
Veelvoude & Faktore


THE CENTRAL STAR
presented by Mimosa Mall
Let your Brilliance
Illuminate the stage.
Entries Open 21 August - 17 September 2023
GRAND PRIZE:
R20 000
Mimosa Mall Shopping Voucher
HOW TO ENTER:
STEP 1
Send a 2 min video of your act.
STEP 2
Send us the following details: Name, Surname, Age, Email Address, Contact Number, and description of your act.
WhatsApp your 2 min video to 066 524 3218.
* No Age Limit. * No Entry Fee. * T's & C's Apply: www.mimosamall.co.za


PRYS: R1400 PER 4-BAL
(SLUIT IN HALFWAY-HOUSE EN AANDETE)
BETTER-BALL SCRAMBLE DRIVE
KARRETJIE EN CADDIES VIR EIE REKENING
PRYSUITDELING OM 18:00
JEUGRAAD
GHOLFDAG
BLOEMFONTEIN GHOLF KLUB
SEPTEMBER 25, 2023
Die Voortrekkers
VIR BESPREKINGS WHATSAPP JANEL 072 954 6792 OF
JAMES 072 842 3233
VRYSTAAT
JEUGRAAD